**2 Junie**

Skrifgedeelte: Psalm 150 (NAV)
Fokusgedeelte: Psalm 150

# Alles wat asemhaal, loof die Here!

Musiek en sang was onlosmaaklik deel van die aanbidding in die Ou Testament. Dawid het woord, lied en musiek deel van die tabernakel- en tempeldiens gemaak (1 Kron 16:4-7). As ons lees van al die instrumente wat gebruik is en al die kore en sangleiers, lei ons af dat musiek ’n magtige uiting van vreugde en jubeling was.

Die psalmbundel bestaan uit vyf groepe psalms. Psalm 150 is die laaste lied in die Psalmboek van die gemeente. Dit is ’n loflied. Met ’n lofverheffing is al vier die ander boeke ook afgesluit, soos ons kan aflei uit die slot van elke groep psalms: Psalms 41:14, 72:18-19, 89:53 en 106:48. Die digter van Psalm 150 dui aan waar (150:1), waarvoor (150:2), hoe (150:3-5) en deur wie (150:6) die lof aan die Here gebring moet word.

Dit is ’n magtige orkes wat in Psalm 150 opgeroep word om die eer, lof en roem van God in oortreffende trap te verkondig onder die magtige hemelgewelf (vs 1). Die kern van die boodskap is dat elke mens die Here moet prys. *“Prys God”* is die begin van elke reël en vers; van die begin tot einde. Lofprysing is ’n uiting van bewondering, waardering en dank om God te loof. Let op dat in die vyf groepe psalms in die psalmbundel dit nie net gaan oor lof aan God vir sy skepping en vergifnis nie, maar ook vir wat Hy is: liefdevol, regverdig, getrou, vol vergifnis en geduldig.

Musiek is ook in die Nuwe Testament tydens aanbidding belangrik. Met lofsange open die Nuwe Testament. Dit is die een lofsang op die ander. Mense sing en engele sing. Maria sing (Luk 1:46-48), Sagaria sing (Luk 1:67-69), Simeon sing (Luk 2:29-32). Engele sing (Luk 2:14). Kersfees is evangelie, *Goeie Nuus*. Daarom sang. Dit maak woord en lied en musiek wakker. Dit is die wonderlikste nuus wat die wêreld sedert die skeppingsmôre gehoor en getref het. God maak ’n verstelling aan sy skepping. Hy begin met sy herskeppingswerk. Dit is God se *regstellende* aksie in ’n in-sonde-gevalle-wêreld. Laat alles wat asem haal, die Here prys!

Sing: Psalm 150:1, 2, 3 (1936)

Dr PW Bingle (Emeritus)